MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

9 JANUARY 2012

Zuma se oproep vir dialoog: CDP gereed

"Heelwat van dit wat pres. Jacob Zuma in sy toespraak in Bloemfontein gesê het was gefokus op die geskiedenis van die ANC en het bitter min betrekking op die toekoms van Suid-Afrika. Die vraag is dus of ons hom kan glo oor dit wat hy wel oor die toekoms gesê het, as dit in die verlede ooglopend was dat hy in die verlede net lippediens daaraan betuig het.

"Wat die Christen-Demokratiese Party (CDP) betref is die mees beduidende aspek van pres. Jacob Zuma se toespraak in Bloemfontein dat hy die land tot voortgesette dialoog oproep," sê ds. Theunis Botha. leier van die CDP.

"Dit volg op versoeke van instansies hiervoor oor die hele politieke spektrum. En die CDP het heelwat meer as net 'n mondvol om aan Zuma oor te dra waaronder:

- Die ANC se periodieke lippediens aan nie-rassigheid, terwyl presies die teenoorgestelde in die praktyk gebeur. Byvoorbeeld, wat het Malema met sy opmerking oor wit huishulpe bedoel?
- Hoekom die ANC se besluit om teen die haatspraak-uitspraak teen Julius Malema geappelleer het?
- Hoekom die voortdurende nasionaliserings- en grondgrypraatjies.
- Hoekom die voortdurende Kwasi-godsdienstige uitsprake deur Zuma en ander, veral wanneer dit as "Christelik" beskryf word?
- Die hele kwessie van moraliteit en die verkeerde voorbeeld wat die ANC hierin stel. Dit strek oor die hele spektrum soos die beleid oor die voorkoming van Vigs, tot korrupsie.
- Veranderings aan die grondwet wat die CDP graag wil sien, waaronder die erkenning van die oppergesag van God.

"Die CDP is slaggereed vir dialoog – Zuma moet net sy erns daarmee openbaar en die geleentheid skep."

Zuma's call for dialogue: CDP ready

"Much of what President Zuma said in his speech in Bloemfontein pertained to the history of the ANC and very little had to do with the future of South Africa. The question is, can we believe him on those matters mentioned about the future, when it is obvious that he has in the past, only paid lip service to them.

"As far as the Christian Democratic Party (CDP) is concerned, the most significant aspect of Pres. Jacob Zuma's speech was his call for continued dialogue," says CDP leader. Rev. Theunis Botha.

"This follows calls from groups across the entire political spectrum. And the CDP has much more, than simply a few words to convey to Zuma, including :

- The ANC's continued lip service to non- racialism whilst the opposite happens in reality. For example, what exactly Malema meant by his remarks on white domestic workers?
- Why the ANC decided to appeal the judgment against Julius Malema for hate speech?
- Why the continued comments on nationalisation and land grabs?
- Why the quasi- religious remarks by Zuma and others, and attempting to dress them up as "Christian."?
- The question of morality and the poor example set by the ANC. This covers the entire spectrum, from preventing the spread of Aids to corruption.
- The CDP would like to see changes to the constitution, including the acknowledgement, in the Constitution, of God's sovereignty.

"The CDP is ready for dialogue – Zuma simply needs to demonstrate his sincerity by creating the opportunity."